



BEEB-BULLETIN

DIT GAAN OOR MEER AS NET KOEITJIES EN KALFIES

Oktober 2026

Septembermaand het vele verwagtinge gehad, met besondere realisering van hoogste aspirasies. Drakensbergertelers word vergoed vir lewenslange toewyding, vir akkurate datahouding, vir geloofwaardigheid en vir korrekte seleksiebeginsels. Welgedaan aan Carel Nel met sy bul Grasmunt Koning, wat op die SHDK veiling verkoop is vir R575 000.00.

Die 6+veiling en die Black Hills veiling was 'n reuse sukses, weereens toegewyde telers en gewillige kopers. Wat is die motivering om die diere te koop? "Looks"? Fenotipe vir die puriste onder ons. Teelwaardes? Watter teelwaardes is JOU spesifieke keuse? Wat is jou doelwit daarmee, wat is jou plan? Wat wil jy bereik, hoe lank wil jy vat om daar uit te kom?

Natuurlik is dit 'n korter pad deur beproefde diere te koop, mits dit 'n middel tot 'n doel is. Wat is die doel? Om jou diere se voorkoms tipies te maak. 'Jy kan sien hierdie bul kom uit sus en so se stoet'. Van ons telers het dit reeds gevestig, ander wil dit hê, hulle kan dit kry, daar is kompetisie, dit is gesond.

Die roering in die Drakensberger-ras is aan die gebeur, daar is 'n groeiende trots, daar is samehorigheid oor rasbeginsels, die diere word deur die Bemerkingskomitee korrek geprojekteer, dit word raakgesien.

Met reg ook hoog tyd vir hierdie sukses van die Drakensberger ras. Welgedaan en nogmaals geluk aan hoogste pryse behaal, rekordpryse behaal, verkope van alle diere op veilings. Die terugsit na die veiling en die weet dat die beplanning tot sukses lei, is welverdiend.

Drakensbergerbeeste is nou te vinde in Graaff-Reinet, 'n Drakensbergerbul is op pad Laingsburg toe. Om die huidige kudde, 'n ander ras, bietjie skrik te maak!

Hoekom is die Wes-Kaap anders? Is dit die watermassa van die oseane aan weerskante? Is dit die feit dat 3 bootjies in Tafelbaai geland het, in 1652 en dat daar toe al Swart beeste teenwoordig was? Met goeie vleis, wat aangeteel het en, tipies van die nasie, die vlaktes in getrek het. Tot wie weet waar.

Hoekom is alles in Kaapstad so duur? Hulle het nie genoeg paaie nie, het te veel karre, is te 'grend' vir my, loop neus in die lug. (Dare hier en daar 'n uitsondering)

Wat is fout met die Wes-Kaap, wat baie is soos 'n baba met koliek: As hy nie nat is nie, is hy vol winde!

Wat fout is met die Wes-Kaap, is dat daar geen Drakensbergers is nie!

Voorspoed vir almal toegewens en mooi loop.
J F

Inhoudsopgawe

Brief van die President	1
Borg: Waldberg	2
Nuusbrokkies	3
Ons gesels met Carel Nel	4-5
'n Erfenis wat voortleef	6-8
Vroueboere in die beesbedryf	9-13
Gemiddelde pryse by veilings	14
Borge	15
Voerkraalnommers	16-17
Stoettelers	18-19

Waldberg
Drakensbergers

Sedert 1890

21ste Produksieveiling

15 September 2021

Udo Beneke
waldbergdrakensbergers@gmail.com
082 797 8088

**Met dank aan
Waldberg, ons
Oktober-borg**

Saktyd vir November-nuusbrief:
23 Oktober 2026

BEES-BULLETIN **2**
Oktober 2026

Nuusbrokkies

Verjaarsdae

Baie geluk aan almal wat in Oktober verjaar:

- 9 Oktober - Elias Pangane
- 10 Oktober - Henk Delport
- 10 Oktober - Hans Schutte
- 12 Oktober - Derick Orsmond
- 13 Oktober - Eduan Naude
- 15 Oktober - Frannie du Toit
- 16 Oktober - Louis Botha
- 22 Oktober - Liesel Foster
- 23 Oktober - Johan Uys

Deel asseblief jou nuus met ons!

Stuur 'n e-pos na die kantoor:
drakensberger@studbook.co.za of
WhatsApp +27 71 283 9943

Kontak ons

(+27) 51 410 0974 071 283 9943
drakensberger@studbook.co.za
<https://drakensbergers.co.za/>

Advertensies of menings uitgespreek in die
nuusbrief is dié van die skrywers, en nie
noodwendig die van die Genootskap nie.

Unistel DNA-toetse

Die Genootskap kon 'n spesiale afslag beding met Unistel vir DNA-toetse op profile en vaderskappe. Die pryse is as volg:

Unistel DNA toetse	Koste per dier vir profiel (BTW ingesl.)
Normale prys vir 2026 < 30	R 282.56
Meer as 30 (-5% afslag)	R 268.43
Meer as 60 (-7.5% afslag)	R 261.36
Meer as 120 (-10% afslag)	R 254.30

Kontak Unistel vir meer inligting, en onthou om die ras aan te dui vir die spesiale afslag om te geld.

WHATSAPP-GROEP:

Word deel van ons WhatsApp-groep.
Ons deel belangrike nuus, maar dit is nie 'n "spam"-groep of saamgeselsgroep nie.



Kliek op die skakel (op jou selfoon):
<https://chat.whatsapp.com/LZrhtyvdjr42IOAT-Z1tRCr>



FOTO-VRYDAG

Het jy 'n mooi foto van jou Drakensbergers wat jy graag met ons wil deel? Stuur dit asseblief na

drakensberger@studbook.co.za

Op Vrydae deel ons Drakensberger-foto's op ons sosiale media. Pieter-Jan Pienaar het hierdie foto ingestuur.

KUIER SAAM OP ONS

Sosiale media



<https://www.facebook.com/DrakensbergerSA>



<https://www.instagram.com/drakensbergersa/>

BEES-BULLETIN **3**
Oktober 2026



met Carel Nel

My pa was 'n skaapboer. Hy het ook beeste gehad. Enigiets. Later ook Brahmarkruisings wat ek met 'n passie gehaat het. Hulle het die vermoë gehad om hekke te "maak" waar hulle een wil hê. Tog was ek baie lief vir 'n bees. My Oupa het vir my 'n hanskalf gegee wat oor tyd 'n melkkoei geword het wat ek self gemelk het. Met my weer-magspaargeld koop ek vir my vyf dragtige Jersey verse teen R12.25 per vers. En toe hulle kalf was my eerste melktjek ook my eerste boerdry-inkomste. 1968. Ook my eerste les met inteling.

Ek en Anita trou Februarie, 1974. My ouers verhuis dorp toe. My pa verkoop die beeste en verdeel die grond wat ons sou erf klaar sodat elkeen weet. Ek WIL met beeste boer, 'n suiwer ras, maar weet nie watter ras nie. Ek skryf 'n brief aan die LNR, beskryf my veld en lande situasie en twee weke later antwoord Oom Danie Bosman my. Drakensbergers is die ras, antwoord hy. Hoe lyk die bees, waar kry mens die beeste? Maak kontak met Tannie Raai Hills by die kantoor op Volksrust. Nou was dit ons vier broers saam. Yulanda Stoet. Heel eerste beeste by Meulstroom en Trutersrust gekry. Later 50 Koeie by Rietkol van Oom Piet de Villiers. Die nie-boerende broers onttrek, my oudste broer behou Yulanda, en ek begin die Grasmunt Stoet.

"In my 50 jaar met Drakensbergers het die ras fenomenaal verbeter en verander bloot deur klemverskuiwings met puntetoekenning aan die vleiseienskappe van die ras, maar steeds binne die Standaard van Voortreflikheid."

1979 is daar 'n Landbou Voedsel Skou in Pretoria. Nie vertoon nie. Net 'n uitstalling van die hoogste produserende diere per ras van telers wat begin het met basiese Prestasiemeting. Mens kry 'n kaartuitleg van elke bees in watter stal. 12 Drakensbergers verteenwoordig die ras. Iets van die diere op die kaart prikkel my aandag. Twee dae later by die huis val die pennie. Driekwart van die diere was uit die Dwarsspruit bloedlyn. Ek bel Oom Koos Botha. Sê niks van Pretoria nie, net dat ek graag by hom en Oom Jaap elk vyf vroulike diere wil koop. Hulle het nie, was die onmiddellike antwoord. Maar toe speel ek 'n suksesvolle troefkaart. As julle my nie kan help nie, sal ek my Drakensberger toekoms op die Meulstroom lyn bou. Oom Koos vra toe dat ek hom 'n paar dae moet gee voordat ek Meulstroom toe gaan. Die volgende Maandag bel Oom Koos en sê hulle sal my help. Ons slaap nie die nag nie en Dinsdagoggend toe die son opkom, klop ek en Anita aan sy voordeur.

Tannie Wilma maak 'n heerlike ontbyt. Oom Jaap daag op en toe dit by die uitsoek van die diere by Oom Koos kom staan ek half dom. Wat weet ek nou eintlik? En toe gebeur iets wat ek NOOIT sal vergeet nie. Oom Koos sê vir Oom Jaap om vir my uit te soek. En by Oom Jaap word die bordjies verhang. Oom Koos soek uit. Ek leer ook 'n kosbare waarheid by hom. 'MOET NOOIT 'N BUL GEBRUIK MET KNOPSPIERE NIE'. Myostatin het toe nog nie naam gehad nie.

Die Drakensbergkoeie bewys hulle vermoëns en binne twee jaar moet 'n ander ras opsy staan. Ek neem jaarliks deel aan Fase C toetse. Eers by Irene en later Glen en selekteer hoofsaaklik vir Voeromset. Langtermyn voordele. Verskeie Goue Meriete Grasmunt-bulle verteenwoordig die Ras by Inter-ras Prestasieklaskoue. Binne die Standaard van Voortreflikheid lê die waarborg vir die suiwerheid van die Drakensberger in die toekoms.

In my 50 jaar met Drakensbergers het die ras fenomenaal verbeter en verander bloot deur klemverskuiwings met puntetoekenning aan die



vleiseienskappe van die ras, maar steeds binne die Standaard van Voortreflikheid. Ek het nou nog foto's van bulle wat 50 jaar gelede top stoetbulle was, wat vandag NIE gekeur sal word nie. Net om te wys waar kom ons vandaan en wat ons bereik het.

Wat teelbeleid betref is die basis ons rasstandaard. Dan is korrekte Fenotipe vir my belangrik gemeet aan my 8 "B"s, en ook Funksionele Doeltreffende reprodukerende diere. Vruggbare moederlyne en ewe belangrik, korrekte bulle uit top koeie bou 'n kudde en jou inkomste. Die wetenskap waarsku teen diere wat bo 6% ingeteel is in terme van reproduksie wat verswak, en toon die syfer aan in jou genomiese verslag. Wel myne lyk soos Bloedrivier en selfs wyle Oom Danie Bosman kon bevestig dat my kudde steeds in reproduksie verbeter het ondanks die syfer. As voorbeeld: Koei (CL 0969) wat 32% ingeteel was (dareem nie beplan) het 13 kalwers op 15 jaar gehad, die Farmers Weekly-toekenning gekry en Goud by Stamboek. 100% keuring en weens haar genetiese dominansie het haar kalwers almal haar fenotipe gedra ongeag die bul.

Verseker was daar oor tyd baie selektief bul ingekoop. 'n Ingeteelde bul of verlangs verwante bul wat met sy genetiese dominansie uit 'n onverwante kudde sy stempel moes afdruk en die eienskappe waarna ek gesoek het in my kudde moes bring.

Bv. Star 3, 23% ingeteel, se ouers was broer en suster. Sy seun Grasmunt Prisma, by Grasmunt Priscilla (Farmers Weekly koei) was die laaste Opperste Kampioen Drakensberger op die laaste Nasionale Kampioenskappe 1999. Dit bevestig die saambring van rasegtheid, genetiese dominansie, fenotipe en reproduksie as 'n basiese resep vir sukses.

Beplanning, bestuur en seleksie onder beheer en leiding van my Skepper lei oor 50 jaar tot 'n Grasmunt Koning, wat mos ook aan HOM behoort. Alle lof, dank en eer net aan HOM vir hierdie wonderlike mylpaal in Grasmunt se geskiedenis.



Padborde beskikbaar teen R1500 een (koerier uitgesluit). Ons verkoop 'n algemene Drakensbergerbord (810mm x 605mm) en jy kan dan by jou plaaslike drukker jou naam en logo laat opsit. Die bord is aan albei kante gedruk en reflekteer ook in die nag.

Kom leen jou ORE uit!

Ons het twee artikels laat opneem, en dit kan op Spotify of YouTube geluister word. Dis lekker om na te luister as jy op pad is, êrens moet wag, of dalk selfs om jou aan die slaap te sus!

Gee asseblief vir ons terugvoer hieroor. As dit gewild is, sal ons graag nog opnames in die toekoms wil deel.

Volg hierdie skakel na Spotify: <https://tinyurl.com/yc4uktpH>
Volg hierdie skakel na YouTube: <https://tinyurl.com/38cdhtus>



'n Erfenis wat voortleef

Vaars wat vandag steeds 'n impak op die Drakensberger-ras maak

Marike Hillocks, Genetikus, SA Stamboek

'n Bul mag dalk die teelkudde verlaat, maar sy genetica kan vir geslagte voortleef. Elke kalf ontvang die helfte van sy genetica van sy vaar, en wanneer 'n vaar se seuns en dogters elk voortgaan om tot die ras by te dra, kan sy invloed voortduur lank nadat hy nie meer daar is nie. Met verloop van tyd word sommige vaars diep verweef in 'n ras, nie bloot omdat hulle wyd gebruik is nie, maar omdat hul nageslag steeds deur telers geselekteer en gebruik is.

So, watter vaars laat vandag steeds hul merk in die Drakensberger-ras?

Deur na die Genetiese Bydrae (GC)-tellings en Additiewe Genetiese Verwantskappe (AGR) te kyk, kry ons 'n interessante geleentheid om terug te kyk en te vra watter vaars uit die verlede vandag steeds hul merk in die ras laat. AGR vertel ons van die genetiese verwantskap tussen 'n vaar en die huidige populasie (gemeenskaplike afkoms), terwyl GC vir ons aandui hoeveel van daardie vaar se genetica direk tot die huidige populasie bydra.

In wese:

GC: Hoeveel van sy genetica is steeds hier?

AGR: Hoe sterk is sy familie steeds met vandag se diere verbind?

Deur hierdie populasiebeskrywers saam te beskou, kry ons 'n blik op die genetiese nalatenskap van invloedryke vaars. Deur die kalwers wat in 2025 gebore is te bestudeer, kan ons die voorouervare identifiseer wat steeds 'n merk maak. Hulle is meer as net name op 'n stamboom. Hulle verteenwoordig genetiese lyne wat steeds tot die Drakensberger-ras bydra.

Die vaars agter die syfers

Die vaars wat in hierdie artikel uitgelig word, is geïdentifiseer deur EVA, 'n program wat deur NordGen ontwikkel is. EVA gebruik stamboominsig om verskillende maatstawwe van genetiese bydrae en verwantskap te bereken, wat help om diere te identifiseer wat 'n blywende invloed op 'n populasie gehad het. Vir hierdie ontleding is die stambome van die Drakensberger-kalwers wat in 2025 gebore is, bestudeer om die voorouervare te identifiseer wie se genetica steeds in vandag se kalwers verteenwoordig word.

Vir telers bied dit waardevolle insig in die langtermynimpak van teelbesluite en moedig dit groter oorweging van hul blywende invloed op die populasie aan. 'n Vaar se belangrikheid eindig nie wanneer sy eie teelbaan eindig nie. Sy ware nalatenskap kan gesien word in die geslagte wat volg. 'n Suksesvolle vaar kan dogters nalaat wat produktiewe teelkoeie word, seuns wat as teelbulle na ander kuddes gaan, en nageslag wat steeds goed presteer onder verskillende bestuursomstandighede. Op hierdie manier word die invloed van 'n vaar nie slegs gemeet aan die aantal kalwers wat hy self geproduseer het nie. Sy nalatenskap word ook weerspieël in die geslagte wat daarop volg.

Ontmoet die vaars

Die resultate bied 'n fassinerende blik op die vaars wie se genetica steeds in die Drakensberger-populasie teenwoordig is. Die tien vaars met die hoogste Genetiese Bydrae (GC)-tellings tot die kalwers wat in 2025 gebore is, word in Tabel 1 getoon. Wat onmiddellik uitstaan, is die ouderdom van sommige van hierdie genetiese lyne. Die vaars op die lys is tussen 1970 en 2004 gebore, wat beteken dat genetica van bulle wat



BEES-BULLETIN

Oktober 2026

6

meer as 50 jaar gelede gebore is, steeds in die stambome van kalwers wat vandag gebore word, verteenwoordig word.

Dit is 'n goeie herinnering dat die invloed van 'n vaar nie noodwendig verdwyn wanneer sy eie nageslag nie meer gebore word nie. Indien sy seuns en dogters behou en vir teling gebruik word, kan sy genetika voortgaan om deur die populasie te beweeg, geslag ná geslag.

Wanneer jy deur die tabel kyk, hou in gedagte dat hierdie syfers 'n verhaal vertel oor genetiese invloed en afkoms. Dit dui nie op hul eie aan watter vaar die beste presteerder was of watter bloedlyn verkies behoort te word nie. Dit wys eerder watter voorouervaar se genetika die sterkste in die huidige Drakensberger-populasie verteenwoordig word.

BUFFALO-VALLEY HOTSHOT 2 is bo-aan die lys, met 'n GC-telling van 4.29. Hy is in 1979 gebore en is meer as vier dekades van die kalwers van 2025 verwyder, maar sy genetika word steeds in die huidige populasie verteenwoordig. Hy het 372 geregistreerde nageslag geproduseer, waarvan 162 self voortgegaan het om nageslag te produseer. Dit illustreer hoe 'n vaar se invloed tot ver buite sy eie geslag kan strek.

Kort op sy hakke is BUFFALO-VALLEY EAGLE MT351, wat in 1974 gebore is. Sy GC-telling van 4.03 is besonder noemenswaardig gegee sy ouderdom. Met 224 nageslag, waarvan 116 voortgegaan het om voort te plant, het sy genetika die geleentheid gehad om deur verskeie geslagte te beweeg.

Tabel 1. Vaars met die hoogste GC-telling, hul AGR, geboortejaar, ID's en nageslagsinligting in die Drakensberger-ras

Nr.	Diernaam	ID	Vaar-ID	Moer-ID	Geboortejaar	AGR	GC	Nageslag	Nageslag met nageslag
1	BUFFALO-VALLEY HOTSHOT 2 (A38819) 79	BV110D	BV99D135	D6590	1979	6.17	4.29	372	162
2	BUFFALO-VALLEY EAGLE MT351 (A15342) 74	BV99D135	D2 110007	-	1974	4.60	4.03	224	116
3	KRANSPOORT 117 (D 9727) 70	D2 110007	-	-	1970	3.17	3.17	224	116
4	BUFFALO-VALLEY STAR 3	BV 880014	BV110D	BV 810285	1988	6.95	2.96	232	102
5	GRASMUNT BLOMBERG 2 82	CL 820013	CL7936D	JD 210997	1982	3.76	2.84	157	55
6	YULANDA CAREL (A20525) 75	NL1D1	53 D 0009	-	1975	2.79	2.69	130	62
7	GRASMUNT BANDOM	CL 950063	CL 890030	CL 870025	1995	5.18	2.67	342	133
8	BUFFALO-VALLEY JULY	BV 990173	DSK 960020	BV 960040	1999	4.92	2.52	480	156



Wat ouderdom betref, is KRANSPOORT 117, wat in 1970 gebore is, boaan die lys. Sy GC-telling van 3.17 is 'n treffende voorbeeld van hoe lank genetiese invloed binne 'n ras kan voortduur. Nog 'n interessante geval is BUFFALO-VALLEY STAR 3, wat in 1988 gebore is. Hoewel sy GC-telling van 2.96 laer is as dié van die eerste drie vaars, het hy die hoogste AGR in die groep, naamlik 6.95. Dit dui op 'n sterk genetiese verwantskap tussen hierdie vaar en die huidige populasie deur gemeenskaplike afkoms.

Die lys toon ook dat genetiese invloed nie beperk is tot die oudste vaars nie. GRASMUNT BANDOM, wat in 1995 gebore is, het 'n GC-telling van 2.67, terwyl BUFFALO-VALLEY JULY, wat in 1999 gebore is, 'n GC-telling van 2.52 en die hoogste aangetekende aantal direkte nageslag in die groep, naamlik 480, het.

Invloed gaan oor meer as net die aantal kalwers

Een aspek van hierdie resultate wat in ag geneem moet word, is dat die vaar met die meeste nageslag nie noodwendig die vaar met die hoogste GC is nie. BUFFALO-VALLEY JULY het byvoorbeeld 480 geregistreerde nageslag, meer as enige ander vaar in die top tien, maar sy GC-telling is 2.52. In vergelyking daarmee het BUFFALO-VALLEY HOTSHOT 2 minder nageslag, naamlik 372, maar hy het die hoogste GC-telling, op 4.29. Genetiese bydrae is nie bloot 'n telling van hoeveel kalwers 'n vaar geproduseer het nie. Wat saak maak, is hoe sy genetica deur opvolgende geslagte in die populasie verteenwoordig bly. 'n Vaar kan baie kalwers

produseer, maar indien relatief min van hierdie diere vir teling behou word, kan sy genetiese bydrae met verloop van tyd afneem. 'n Ander vaar kan minder direkte nageslag hê, maar indien sy seuns en dogters herhaaldelik as teeldiere gebruik word, kan sy genetiese invloed in late-ge geslagte wyer verteenwoordig word.

Dit is waar die "Nageslag met Nageslag"-kolom besonder interessant is, aangesien dit 'n aanduiding gee van hoeveel van 'n vaar se direkte nageslag self voortgegaan het om tot die volgende geslag by te dra.

'n Nalatenskap wat in geslagte gemeet word

Hierdie resultate toon dat die genetiese geskiedenis van 'n ras baie langer strek as die teelbaan van 'n individuele bul. Die kalwers wat in 2025 gebore is, dra dele van die genetiese geskiedenis van vaars wat in die 1970's, 1980's, 1990's en vroeë 2000's gebore is. Deur seuns, dogters en opeenvolgende geslagte van nageslag het hierdie genetica voortgegaan om deur die Drakensberger-populasie te beweeg.

Vir vandag se teler bied dit 'n geleentheid om vanuit 'n ander perspektief na stambome te kyk. 'n Naam wat verskeie geslagte terug voorkom, kan steeds 'n betekenisvolle deel van die genetiese samestelling van die diere wat vandag geteel word, verteenwoordig. En dit is wat die nalatenskap van 'n invloedryke vaar so interessant maak: die bul mag dalk nie meer daar wees nie, maar sy genetica kan steeds gevind word in die beste wat vandag op die veld loop.



SA Stamboek Genomiese Diens vir Vleisbeeste

BGP2-fondse vir jaar 3 is goedgekeur en deur die befondser uitbetaal. Vir die derde en laaste jaar van BGP2 sal die befondser genomiese toetse subsidieer met R420-00. SA Stamboek sal 'n addisionele subsidie van R104-00 aan SA Stamboek-telers toeken. Dus beloop die totale koste vir die teler R549-00, BTW uitgesluit. Daar is geen afwykings van die oorspronklike BGP2-voorstel soos goedgekeur aan die begin van die 3-jaarprojek nie. SA Stamboek is gereed en wag op monsters vir jaar 3 van BGP2. Kontak ons kantoor vir meer inligting: drakensberger@studbook.co.za.



Vroueboere wat die beesbedryf help vorm

(Landbouweekblad, 3 September 2026 – Salomé van den Berg)

Agter elke heining, tussen die stof en die stilte van die Vrystaatse veld, staan vroue wat nie net boer nie, maar die bedryf help vorm. Jodee Neuman (39) van Vrede dra 'n gesinsboerdery oor geslagte na die volgende geslag, en Willa Coetzee (25), ook van Vrede, wil die bedryf versterk. Saam praat hulle van dieselfde dinge: Vroue se besondere aanvoeling, die onophoudelike druk en die behoud van familieboerderye wat nie net aan groei gemeet word nie.

JODEE NEUMAN

'n Onblusbare liefde vir die plaas

Opleiding: Geoktrooieerde rekenmeester (en het daarna finansiële verslagdoening vir Absa gedoen)

Boer met: Drakensberger-beeste, Merino-skape en gewasse (mielies en sojabone)

Waar kom jou liefde vir beesboerdery vandaan?

Boerdery was van kleins af in my bloed. Ons het altyd saam met my pa in die bakkie gery, tussen die bulle geloop, vir die skape mielies gegooi en tydens skeertyd in die wol gespeel. Ons het jaarliks veilings bygewoon en naweke en vakansies op die plaas deurgebring. My pa, Rodney, se liefde vir die Drakensberger het tot my liefde vir beesboerdery gelei. Hy het 'n passie vir die ras. Later, namate ek meer tyd en energie in die boerdery begin belê het – tussen die beeste in die veld, maar ook op papier, deur genetika en syfers – is die liefde net versterk.

Watter voordele bring vroue na beesboerdery en die landbou?

As vroueboer kyk jy met 'n diep verantwoordelikeheidsin na mens, dier en grond. Vroue bring 'n natuurlike moederlike instink en empatie na beesboerdery. Wanneer ek na 'n koei kyk, hou ek dit in gedagte. Dit gaan nie net oor hoe groot haar kalf is of hoeveel melk sy produseer nie, maar ook oor wat dit van háár vra om daardie kalf groot te maak. Het sy weer be-



Jodee boer met Drakensbergers in die Neuman-familieboerdery.

Die Neuman-vroue se liefde vir die beesbedryf leef van geslag tot geslag. Regs is Jodee by, van links, haar ma, Cory, met Zoe, en haar suster, Natalie, met Taylor. Zoe en Taylor is Jodee se dogters. Ook Jodee se tannie, Helene, is al 45 jaar 'n finansiële steunpilaar.



set geraak? Dit is 'n belangrike deel van volhoubare beesboerdery: Om nie net te vra hoeveel 'n dier kan gee nie, maar ook of sy gesond, sterk en gelukkig genoeg is om dit jaar ná jaar te kan doen.



Hoe beïnvloed die druk van die boerdery jou?

Ons boer in vennootskap met God. Dit is iets waarvan 'n mens in boerdery baie vinnig bewus word, want daar is soveel dinge wat buite jou beheer is. Die druk kan erg wees. Daar is droogtes, pryse wat nie altyd in jou guns tel nie, stygende insetkoste, bek en-klouseer... Dit bring groot onsekerheid.

Jy dra die bekommernis saam met jou, maar jy moet steeds elke dag opstaan, besluite neem en vertrou dat dinge weer beter sal gaan. Daardie druk dwing jou om voortdurend aan te pas.

Boerdery het my geleer om jou deel te doen – beplan, werk hard en neem verantwoordelike besluite – maar jy moet aanvaar dat sekere dinge eenvoudig buite jou beheer is. Dan is dit jou geloof wat jou staande hou.

Hoe hou jy al die balle in die lug?

In Engels sê 'n mens mos “it takes a village to raise a kid” – en ek het vier! Ek is baie gelukkig dat my man, Kevin, my ondersteun.

Verder is daar 'n hele span familieleden en mense rondom my op wie ek kan staatmaak. Niemand hoef alles alleen te probeer doen om te bewys dat jy dit kán doen nie. As vrou, eggenoot en ma lê die geheim meestal in vooruitbeplanning. Ek probeer die week vooruit beplan – etes wat vooraf gemaak en gevries kan word, saamrygeleenthede vir die kinders, hul wedstryde en skoolaktiwiteite, en dan natuurlik alles wat op die plaas gedoen moet word.

Vakansies maak dit makliker, want ons kinders geniet dit baie om op die plaas te wees. Dan hoef ek nie te kies tussen “ma” en “boer” nie. Die kinders kan deel wees van die lewe waarvoor ek lief is. Hulle sien nie net die harde werk raak nie, maar ervaar ook die vreugde, die natuur, die diere en die voorreg om op 'n plaas groot te word.

Watter opofferings maak vroueboere wat ander nie raaksien nie?

Een van die grootste opofferings is die emosionele las wat 'n mens soms dra. 'n Vrou dra nie net haar eie bekommernisse nie, maar dikwels ook dié van haar man en die boerdery. Die finansiële druk, droogtes, siektes,

moeilike seisoene en groot besluite kom saam huis toe. Terselfdertyd is jy ma, en wil nie noodwendig hê die kinders moet daardie bekommernisse saam met hulle dra nie. Ek probeer 'n huis skep wat veilig en stabiel voel, selfs wanneer daar agter die skerms baie onsekerheid is.

Dan is daar die onsigbare werk – die administrasie, lone, papierwerk, rekordhouding, bemarking, organisering, personeel en die honderde dingetjies wat agter die skerms gebeur. Dit lyk dalk nie altyd soos “boerdery” nie, maar daarsonder kan dit nie funksioneer nie. Vroue is nie altyd op die voorgrond nie, maar is die stille krag wat alles agter die skerms bymekaar hou.

Wat is die moeilikste deel van boerdery, en waarvoor wens jy dat mense meer begrip het?

Ek wens mense het meer begrip vir die groot onsekerheid waarmee 'n boer elke dag saamleef. Jy kan vir 'n hele seisoen beplan, belê en hard werk, maar daar is uiteindelik soveel dinge waarvoor 'n mens geen beheer het nie. Die reën, droogte, brande, siektes en markte gee nie om hoeveel ure jy gewerk het of hoeveel jy in daardie seisoen belê het nie. Daar is 'n gesin, werknemers en geslagte se harde werk agter die boerdery – en elke seisoen bring sy eie hoop, risiko's en onsekerheid.

Wat leer jy jou kinders oor die waarde van grond, harde werk en boerdery?

Grond is nie net iets wat jy besit nie – dit is iets waarvoor jy verantwoordelik is. Jy moet dit oppas, respekteer en hopelik eendag beter agterlaat as wat jy dit gekry het.

Hulle moet ook verstaan waar kos vandaan kom en hoeveel harde werk in iets gaan wat vir ander mense vanselfsprekend lyk. Op 'n plaas leer jy dat harde werk nie altyd onmiddellik beloon word nie. Jy kan alles reg doen en steeds deur 'n droogte, brand of siekte getref word, maar die volgende oggend staan jy op en gaan weer aan. En dalk die belangrikste: Hulle moet leer om hul hande vuil te maak en te help waar dit nodig is.



Waarop is jy die trotsste?

Dit wat my oupa Hymie en sy broer, Sam, begin het, en wat my pa, Rodney, en sy broer, Leonard, deur die jare uitgebou het, het nie iets van die verlede geword nie. Ons bou vandag nog daarop voort. Hier lê meer as 50 jaar se teelbesluite, harde werk, goeie jare én baie moeilike jare agter dit wat ons familie vandag het. My suster, Natalie, deel net so sterk in dié liefde. Ons rolle in die boerdery lyk dalk nie dieselfde nie, maar ons deel dieselfde trots in dit wat voor ons opgebou is en het dieselfde begeerte om deel te wees van dit wat nog voorlê. Ek is trots op die prestasies en die teelmateriaal wat deur al die jare opgebou is, maar ek is selfs nóg trotser daarop dat ons steeds 'n familieboerdery is.

Wat is die waardevolste les wat jy by jou pa geleer het?

As jy iets doen, moet jy dit behoorlik doen. Jy kan nie altyd beheer wat die uitkoms gaan wees nie, maar jy kan beheer hoeveel moeite, tyd en aandag jy daarin sit. Jy moet mooi na jou goed kyk. Spaar geld waar jy kan. Elke rand wat jy spaar, is geld gemaak.

My pa het ons ook geleer om passievol te wees oor dit waarin jy glo. Die belangrikste is dat jou naam en jou woord iets moet beteken. Wat jy doen en hoe jy mense behandel, bly baie langer staan as enige prestasie.

As die plaas se hekke saans toegaan en almal dink die dag is verby, wat dra 'n vroueboer in haar hart en kop?

'n Vroueboer se kop skakel nooit heeltemal af nie. Jy dink aan jou man, kinders, die plaas, die mense wat saam met julle werk en wat alles môre moet gebeur. Tussen al die bekommernisse deur is daar ook baie dankbaarheid. Dankbaarheid oor hierdie lewe, dat ons kinders dit saam met ons kan ervaar, en dat ons nog 'n dag kon doen waarvoor ons lief is. Die hekke gaan dalk toe, maar 'n vroueboer se hart bly nog 'n rukkie op die plaas.

Beskou jy dit as 'n hindernis om op 'n afgeleë plek te wees?

Om op 'n afgeleë plek te wees, beteken dat jy nie altyd alles onmiddellik tot jou beskikking het nie. Jy moet vooruit beplan, self planne beraam en leer om klaar te kom met wat jy het. Hierin lê ook van die grootste geleenthede. Die plaas leer jou selfstandigheid. As iets verkeerd loop, moet iemand 'n plan maak. Jy leer om nie alles as vanselfsprekend te aanvaar nie en om die mense rondom jou te waardeer.

Vir kinders bied dit ruimte en vryheid, wat deesdae ál skaarser word. Hulle kan buite wees, saamry in die bakkie en tussen die diere wees. Hulle leer van die natuur, verantwoordelikheid en die werklikheid van lewe en dood, sonder dat iemand vir hulle 'n formele les daaroor gee. Dan is

daar die gemeenskap. Op die platteland weet jy as daar 'n brand, droogte of krisis is, sal mense opdaag. Jy is soms ver van baie dinge af, maar die plaas leer jou ook hoe min van daardie dinge jy eintlik nodig het om 'n ryk lewe te kan hê.

Wat wil jy nog graag bereik?

My pa het altyd gesê ons hoef nie dit wat hy opgebou het, te verbeter om suksesvol te wees nie. As ons dit bewaar, oppas en eendag aan die volgende geslag kan oorgee, het ons reeds iets bereik."

Maar om 'n familieboerdery oor geslagte te behou, deur goeie én moeilike tye, is op sigself 'n prestasie. Natuurlik wil ek steeds groei, leer en my eie bydrae lewer. Tog is my grootste doel nie om te bewys dat ons beter kan doen as die geslag voor ons nie. As die vlam steeds sterk brand wanneer ons dit eendag aan die volgende geslag aangee, is dit sukses.

Wat wil jy graag nalaat?

Dit is belangrik dat ons kinders eendag kan sê hulle het geleer om hard te werk, mense met respek te behandel en dankbaar te wees vir dit wat

"My pa het altyd gesê ons hoef nie dit wat hy opgebou het, te verbeter om suksesvol te wees nie. As ons dit bewaar, oppas en eendag aan die volgende geslag kan oorgee, het ons reeds iets bereik."



hulle het. Hulle moet verstaan dat 'n plaas, 'n familienaam en 'n boerdery nie iets is waarop jy geregtig is net omdat jy hier gebore is nie. Dit kom met 'n verantwoordelikheid. Ek hoop ons familie sal altyd onthou dat daar nie net één manier is om deel van 'n nalatenskap te wees nie. Nie almal se rolle hoef dieselfde te lyk om betekenisvol te wees nie. 'n Familieplaas behoort nooit aan net een geslag nie. Vir 'n tyd lank is dit jou beurt om daarna te kyk, en jy wil dié beurt goed gebruik.

WILLA COETZEE

'Ek sien uit na die mylpale wat voorlê'

Opleiding: Diereproduksie by die Universiteit Stellenbosch

Boer met: Bonsmara- en Drakensberger-kuddes op die plaas Rondehoek naby Vrede

Waar kom jou liefde vir beesboerdery vandaan?

Ons het van jongs af gegaj en amper elke naweek of vakansie in 'n natuurreservaat deurgebring. Hoewel ons op die dorp gewoon het, het my pa, dr. Hannes Coetzee, baie moeite gedoen om ons in die buitelug groot te maak. My hoofsport op skool was perdry en ek was baie op plase. Toe ek begin studeer, het ek elke vakansie op plase gewerk en is blootgestel aan wild, melkproduksie, Boerbokke, skape en ook voerkrale. My pa het gesê dit sou 'n goeie manier wees om agter te kom waar my passie lê. Die bedryf is veelsydig, interessant en opwindend. My dosent, dr. Jasper Cloete, het altyd gesê: "Boer met wat vir jou mooi is."

Watter voordele bring vroue na beesboerdery en die landbou?

Vroue se moederinstink maak dat hulle fantasies met diere kan werk. Dit is 'n bate wat help om diere met aandag te versorg, geduldig te wees en terselfdertyd ferm op te tree. Vroue voel dikwels 'n intense verantwoordelikheid vir die diere se welstand, wat lei tot 'n toegewydheid aan die diere se gesondheid en prestasie. Dit kan 'n groot voordeel vir eni-



Willa het al as student vakansietye op plase gewerk en sien uit na die boerderypad wat vir haar voorlê

ge boerdery wees, want hoe beter die diere presteer, hoe beter vaar die boerdery.

Hoe beïnvloed die druk van die boerdery jou?

Dit bemoeilik selfs die kleinste besluite. 'n Mens probeer voortdurend om elke moontlike uitkoms te voorspel en te bestuur, maar die knelpunte bly astronomies. Die onsekerheid en onvoorspelbaarheid kan kwaai druk op enige boerdery plaas. Dit is wel grootliks buite ons beheer. 'n Mens kan net probeer om daardie druk in dryfkrag te verander en aan te hou vorentoe beweeg.

Watter opofferings maak vroueboere wat ander nie raaksien nie?

Ek boer nog nie baie lank nie, en ek weet daar lê nog baie harde lesse voor. Mense dink dalk dat jy jou vroulikheid opoffer wanneer jy die boerderywêreld betree, maar ek glo juis dat dit 'n sterk punt is waarby 'n boerdery baie baat kan vind.



Wat is die moeilikste deel van boerdery, en waarvoor wens jy dat mense meer begrip het?

Daar is geen “stopknoppie” nie. Jou verantwoordelikheid teenoor die boerdery en die lewende diere is konstant en onophoudelik. Tog is dit ook ’n groot voorreg om deel daarvan te wees en soveel te hê om na om te sien.

Wat wil jy ander leer oor die waarde van grond, harde werk en boerdery?

Ek probeer om enigiemand die waarde van die bedryf te wys. Dit is gewoonlik vir mense verbasend hoe verweef boerdery met alles om ons is. Elke besluit kan soveel verskillende aspekte beïnvloed. Dit is belangrik dat mense besef hoe groot die rol van die landbou in ons daaglikse lewe is.

Waarop is jy die trotsste?

Ons boer baie metodies en ek is trots daarop dat ons dinge deeglik doen. Ons sal tyd en energie daaraan bestee om iets behoorlik te bou of te versorg. Daar is nooit ’n “baaltou-oplossing” nie. Ons gee aandag aan elke klein ding, want dit verseker dat die groter prentjie mooi bymekaar kom.

Wat is die duurste les wat jy geleer het?

Moet nooit bang wees om te vra nie. Moet nooit toelaat dat jou boerdery onder jou trots ly nie. Ek het vinnig geleer om uit te reik na medeboere, mentors en adviseurs. Weet wat jy nie weet nie. Daar is baie waarde daarin om bereid te wees om te leer by mense wat reeds die pad gestap het.

"Moet nooit bang wees om te vra nie. Moet nooit toelaat dat jou boerdery onder jou trots ly nie."

As die plaas se hekke saans toegaan en almal dink die dag is verby, wat dra ’n vroueboer in haar hart en kop?

Vroue is geneig om baie krities oor hulself te wees. Wanneer die hekke toegaan, hardloop al die dag se besluite weer deur jou kop. Jy wonder of jy alles reg gedoen het en probeer seker maak dat jy jou beste gegee het. In ons harte probeer ons egter ook om vertrouwe te hê in ons vermoëns en in die werk wat ons doen.

Beskou jy dit as ’n hindernis om op ’n afgeleë plek te wees?

Omdat hulle so afgeleë is, kyk gemeenskappe juis na mekaar. Almal is verspreid, en gebruik enige geleentheid om saam te kom. ’n Veiling of ’n vergadering word vinnig ’n geleentheid vir die gemeenskap om sosiaal te verkeer. Dit bly belangrik om deel te neem en betrokke te wees. Die Vrede-gemeenskap het my hartlik ontvang en ek het baie vinnig tuis gevoel. Dit is een van die besondere dinge van die platteland – mense is bereid om na mekaar om te sien.

Wat sal jy graag nog wil bereik?

My boerderyloopbaan het nou maar eers begin. Dit is dus terselfdertyd skrikwekkend en opwindend om te besef dat daar nog baie mylpale vir my voorlê. Ek wil vorentoe beweeg op ’n manier wat ’n suksesvolle boerdery sal bou waarop ek trots kan wees. Ek wil graag ’n betekenisvolle rol in die bedryf speel wat dit sal bevorder, versterk en beskerm.

Wat wil jy graag nalaat?

Ek hoop om te bewys dat ek kán. Dat ek myself kan opbou en die wysheid van die mense om my goed kan benut. Verder wil ek ’n waardevolle lid van die gemeenskap wees en my kant bring. Dat mense sal weet ek kan die werk deeglik doen, dat ek bereid is om te leer en dat mense op my kan staatmaak.



GEMIDDELDE PRYSE BY VEILINGS 2026

OTVL Bulveiling (OTDK) - 22 Julie			
Item	Verkoop	Hoogste	Gemiddeld
Bulle op veiling	6	R75 000,00	R54 166,67

Rouvus Veiling - 23 Julie			
Item	Verkoop	Hoogste	Gemiddeld
Bulle op veiling	26	R115 000,00	R74 000,00
Dragtige verse	5	R31 000,00	R27 800,00
Kommersieel Vers	2	R72 500,00	R72 500,00

D'Hofstee Totale Uitverkoping - 24 Julie			
Item	Verkoop	Hoogste	Gemiddeld
Bulle op veiling	15	R150 000,00	R63 166,67
Koeie	1	R25 000,00	R25 000,00
Verse	48	R19 500,00	R14 333,33
Koei & Kalf	16	R26 000,00	R24 125,00
Dragtige koeie	62	R37 500,00	R24 048,39
Dragtige koei & kalf (3 in1)	5	R28 000,00	R26 000,00
Dragtige verse	14	R22 500,00	R20 142,86
KOM Koei & Kalf	6	R23 500,00	R23 500,00
KOM Dragtige koeie	6	R23 000,00	R19 833,33
KOM Oop Verse	2	R10 000,00	R10 000,00

Neuman Broers Veiling - 6 Augustus			
Item	Verkoop	Hoogste	Gemiddeld
Bulle op veiling	44	R270 000,00	R97 500,00
Dragtige koeie	10	R36 000,00	R26 600,00
Dragtige komm. verse	112	R23 000,00	R21 339,29

Talman & Calela Veiling - 12 Augustus			
Item	Verkoop	Hoogste	Gemiddeld
Bulle op veiling	21	R125 000,00	R75 238,00

SHDK Veiling - 20 Augustus			
Item	Verkoop	Hoogste	Gemiddeld
Bulle op veiling	20	R575 000,00	R86 100,00

NW Drakensbergerklub Veiling - 3 September			
Item	Verkoop	Hoogste	Gemiddeld
Bulle op veiling	17	R180 000,00	R65 352,94
Komm. Dragtige verse	9	R17 500,00	R16 666,67
Kommersieel Oop verse	5	R13 500,00	R13 500,00

6+ Veiling - 10 September			
Item	Verkoop	Hoogste	Gemiddeld
Bulle op veiling	24	R135 000,00	R90 208,33
Dragtige Koei	4	R25 500,00	R24 375,00
SP Koei en kalf	14	R25 500,00	R23 678,57
Kommersieel Oop verse	2	R21 000,00	R21 000,00

Nagenoeg Veiling - 11 September			
Item	Verkoop	Hoogste	Gemiddeld
Bulle op veiling	1	R50 000,00	R50 000,00

Black Hills Veiling - 23 September			
Item	Verkoop	Hoogste	Gemiddeld
Bulle op veiling	22	R200 000,00	R88 181,00
Kommersiele bulle	2	R50 000,00	



PLATINUM



**BAIE DANKIE
AAN AL ONS
BORGE!**

SILWER



BRONS



Voerkraalkontaknommers

Hier is 'n lys van raadslede, suksesvolle telers en verkopers van Drakensberger speenkalwers en voerkraalaankopers. Kontak enige van hierdie persone vir raad of 'n tweede mening of prys.

NAASTE DORP / STREEK	DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID	VOERKRAAL AANKOPER / AGENT
VRYSTAAT		
Brandfort	Fanie van Dyk (Raadslid) 082 774 4952	Johan Botha - 082 856 4409 - Karan
Vrede	Rodney Neuman	Arend Munnick - 071 540 9913 - Verskeie voerkrale
Ficksburg	Henk Delport (Raadslid) 083 300 1131	Thys Fourie - 083 225 4146 -Beefmaster
Welkom	Christo Nel	Jan du Toit - 082 555 4221 - Bemarker
Kroonstad	Gawie Roux	Michael Bezuidenhout - 073 370 7291
Harrismith	Jakob Tsabalala 083 974 9706	
Koppies		Pierre Boutser - 082 499 7997
Bethlehem		Dano van Zyl - 083 385 8285 - Vleissentraal bemarker
MPUMALANGA		
Volksrust	Pikkie Uys (Raadslid) 082 857 5022	Arnold Durr - 082 902 3916 - Karan
Ermelo/Middelburg	Petrus Taljaard (Raadslid) 082 493 4137	Hein - 076 862 0797 - Aankoper Karan David Harris 082 573 7979 - Aankoper Rockdale Industrial (Pty) Ltd

NAASTE DORP / STREEK	DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID	VOERKRAAL AANKOPER / AGENT
MPUMALANGA (vervolg)		
Amersfoort		Sakkie Fourie - 082 802 2125 - Verskeie voerkrale
Standerton		Pieter Swanepoel - 083 440 1423 - Chalmar en ander Carel Davel - 082 331 1811 - BKB PM Swart - 083 948 3345 - OVK Gert du Preez - 082 449 5263
KWAZULU-NATAL		
Luneburg	Udo Beneke (Raadslid) 082 797 8088	
NAMIBIË		
Aroab	Gerrit Maritz	
Gobabis		Piet de Wit, +264 81 128 9716 - Beefmaster bemarker
NOORD-KAAP		
Klerksdorp/Tosca	Johann Fourie (Raadslid) 082 772 7716	
Kuruman	Bossie Rens	
Kuruman	Werner Vermeulen	Freddie Markam - 082 920 8893 - Karan Beef, Kuruman
Danielskuil	Franco Joubert	
Deben	Werner Vermeulen	
Zeerust		Coenraad Boshoff - 078 950 5876



Voerkraalkontaknommers

(vervolg)

NAASTE DORP / STREEK	DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID	VOERKRAAL AANKOPER / AGENT
NOORDWES		
Potchefstroom	Willie Landman (Raadslid) 083 257 8511	
Louwna	Stuart Collen	
GAUTENG		
Potchefstroom	Jean vd Merwe (Raadslid) 082 719 7521	
Derby	Charlie van Schalkwyk	Barco van Niekerk - 072 384 9057 - Aankoper & afslaer Theo Coetzee - 082 600 8374
KAROO / SUID-VRYSTAAT EN OOS-KAAP		
Zastron	Liesel Foster (Raadslid) 082 373 2427	
Suid-Vrystaat & Oos-Kaap		Pieter Kloppe - 082 807 3752 - Karan Beef Kobus Barnard - 084 202 5205 - Pedriam Trust Blaine Dormehl - 081 889 9486 - Vleissentraal

Indien jy terugvoer het oor goeie prys, raad of goeie aankopers, kontak ons gerus om die name hier by te voeg, ten einde ons medeboere toe te rus met die regte raad en kontakte.



BLACK FOX **BF**

KLERKSDORP

Dr Johann Fourie 082 772 7716
johannfourie1964@gmail.com

BLACK HILLS **BH**

POTCHEFSTROOM

Willie Landman 083 257 8511
willie@blackhills.co.za
Jean van der Merwe 082 719 7521
jean@blackhills.co.za

BLYDE **DBB**

SOUTHDOWNS ESTATE

Ingrid de Bruyn 082 415 2477
elivdm@mweb.co.za

BOLLIE **SS**

PAULPIETERSBURG

Johann Schütte 083 676 0500
waldheim@skyafrica.co.za
Ruben Schütte 084 511 6879
rubenjschutte@gmail.com

BONHEIM **BO**

VLAADRIF

Nelmarie van Staden 082 466 4868
bonheim.drakensberger@gmail.com

BRAKENJAN **FD**

BRANDFORT

Fanie van Dyk 082 774 4952
Hannes van Dyk 082 301 6122
js.vandyk@mweb.co.za
plaashannes@gmail.com

BUFFALO VALLEY **BV**

CAROLINA

Lee Roos 082 809 7941
buffalovalley@skyafrica.co.za
heinjroos0220@gmail.com

CALELA **JJ**

ERMELO

Jannie Jacobsz 082 820 4706
calelaj@vodamail.co.za

CETONA **C**

KLERKSDORP

Dr Pieter-Jan Pienaar 079 877 5228
pjpjenaar000@gmail.com

D'HOFSTEE **AAD**

HEIDELBERG

Jan & Elna Dhooze 082 892 5762
jandhooze67@gmail.com

DELRAM **D**

FICKSBURG

Henk Delpert
079 612 5995 (Kantoor)
delram.h@outlook.com
delram.s@outlook.com

DRAKENKRAAL **DK**

PARYS

Wesley Abourizk 0824950574
wesley.abourizk@gmail.com
jptheunissen@ssendra.co.za

DRIE D **XWX**

BARKLY-OOS

Skillie du Randt 082 771 0716
sdurandt@vodamail.co.za

FERAX **RG**

BROOKLYN PLEIN

Gerrit Grobler 082 784 1501
gerritgrobler@advchambers.co.za

FRELON **F**

VREDE

Rodney Neuman 072 535 0197
rodney@neumandrakensbergers.co.za

GRASMUNT **CL**

BRANDFORT

Carel Nel 082 828 1984
carelnel02@gmail.com

GROENVLEI DRAKENBERGER

STOET **G**

PRETORIA

Werner Krynauw 071 607 1086
werner.j.krynauw@gmail.com

GRYSHOEK **PU**

VOLKSRUST

Pikkie Uys 082 857 5022
identity.redken@gmail.com
laansuys@gmail.com

GUNNER DRAKENBERGERS **GX**

LEANDRA

Xander Gunter 071 510 8076
iti06689@mweb.co.za

HAASKRAAL **VN**

RICHMOND

Van Zyl Naudé 082 664 3466
haaskraal@vodamail.co.za

HANSEL **HAS**

PAULPIETERSBURG

Dr Hans Schütte 082 419 0226
hanselna@lantic.net

HENDRIK HANCKE **HP**

BETHAL

Hendrik Hancke 073 135 8753
hancke.ch1@gmail.com

HORMAN DRAKENBERGERS

CH

BETHAL

Carl Hancke 083 384 6771
hancke.ch1@gmail.com

HUGHDALE **SL**

NOUPOORT

SP van der Walt 063 775 5662
sp@lcom.co.za

HYMGERT **HN**

VREDE

Rodney Neuman 082 746 8142
rodney@neumandrakensbergers.co.za



INFRACOR IR

PRETORIA

Derick Orsmond 083 273 6432

derick@infracor.co.za

JESUMAR LL

DEWETSDORP

Freddie Wasserfall 082 556 4452

wasserfallfreddie@gmail.com

Neels Wilken 083 638 2152

elmien.wilken@gmail.com

JP LOUW JP

BETHAL

JP Louw 060 966 8108

jplouw07@gmail.com

M & M BOERDERY MM

BETHAL

MJ van Vreden 082 838 1858

mj@mmboerdery.co.za

MAMBANE BJ

VREDE

Louis Botha 082 825 2431

bothaboerdery04@gmail.com

MOBAZA BZ

CENTURION

Monja Esterhuizen 084 580 5808

info@mobaza.co.za

monjaest@gmail.com

MOOI LOOP HB

SCHWEIZER-RENEKE

Hennie Botes 082 944 9174

hbotes68@gmail.com

NADAU JR

HANOVER

Johannes Retief 082 385 1821

johannesretief1@gmail.com

NEBA NB

VERKYKERSKOP

Bertus Nel 061 114 6492

bruwershoek@gmail.com

NEUSBERG DRAKENSBERGERS**NBD**

MIDDELBURG

Cliff Frewen 079 015 1010

neusberg@neusbergkaroo.co.za

NITIQUE NY

HANOVER

Grant Naude 076 700 3855

kriegerspoort@nitique.co.za

tamarynnaude@gmail.com

PATRYSVLUG PV

EXCELSIOR

Jan-Louis Wessels 083 251 6294

patrysvlugtkantoor@gmail.com

QUAGGAFONTEIN QH

ZASTRON

Dr Liesel Foster 082 373 2427

fosterliesel@gmail.com

RAKA JDE

CRADOCK

Dr Frans & Dr Jan Erasmus

083 488 5511

jde009@gmail.com

fnerasmus@gmail.com

RIETKOL R

VLAKDRIF

Tiaan Niemandt 072 592 7194

tclegacylivestock@gmail.com

ROUVUS GR

VENTERSBURG

Gawie & Frik Roux 083 455 1264

gawiedrakensberger@gmail.com

FR0834551264@outlook.com

SABRIELIE JE

BLOEMFONTEIN

Elsabé Deacon 076 812 6113

elsabedeacon@gmail.com

Lambert Jacobs 073 620 2930

lambertvharts@gmail.com

SALOME NW

VOLKSRUST

Willie Watermeyer 073 640 6151

Carl Watermeyer 083 458 1204

willie.watermeyer@gmail.com

SAMBESI SK

KLERKSDORP

Dr Sampie Smith 082 940 9283

sampie.smith@yahoo.com

SMOKEY MOUNTAIN QJO

MACHADODORP

Dr Quinton van Oudtshoorn

082 888 5688

quintonvo37@gmail.com

SSENDRA TD

PARYS

JP Theunissen 079 417 2639

jptheunissen@ssendra.co.za

wesley@ssendra.co.za

Stoettlers
(vervolg)**TALMAN TI**

ERMELO

Petrus Taljaard 082 493 4137

talmanpt@gmail.com

emmerencia.taljaard2@gmail.com

TURFKUIL MF

BULTFONTEIN

Frannie du Toit 072 355 7601

turfkuildutoit@gmail.com

TWO HILLS GPN

KURUMAN

JPV Poolman 079 913 4809

jpoolman@mweb.co.za

VAN DYK DRAKENSBERGERS VD

MIDDELBURG

Andre van Dyk 072 562 7567

avdboerdery10@gmail.com

VERLAND VL

AROAB, NAMIBIË

Gerhard Maritz 081 300 6368

sgmaritz@africaonline.com.na

sgmaritz@iway.na

bmaritz@iway.na

WALDBERG U

LUNEBURG

Udo Beneke 082 797 8088

waldbergdrakensbergers@gmail.com

